# Inhoud / Contents


| | Bladsy / Page |
|---|---|
| *Nuus van ons verenigings – P.D. Palm* | *ii* |
| *Planning for the year 2000 – W.F. Visagie* | *1* |
| *Ontwikkelingsplanne as beplanningsinstrumente in Transvaal – Meyer du Toit* | *3* |
| *Die ontwikkeling en instandhouding van landelike dorpe: die geval Ladybrand – P.C. Fourie* | *7* |
| *Nuwe uitdagings aan die beplanner – D. Page* | *11* |


*As an open forum for discussion of planning concepts a variety of views are expressed in this journal, which are not necessarily subscribed to by the publishers.*

# Nuus van Streeksontwikkelingsverenigings

Die Verenigde Breerivier–ontwikkelingsvereniging (V.B.O.V) omsluit Streek 4 soos bepaal deur die Departement van Beplanning.

Om die werksaamhede van die Vereniging sovel moontlik te desentraliseer en om terselfdertyd soveel moontlik leiersfigure met spesifieke belangstellinge in die organisasie en werksaamhede te betrek, is 'n stelsel van Staande Komitees ingestel. Elke Komiteevoorsitter kry hulp van die jaarvergadering om vir hom 'n Komitee saam te stel bestaande uit persone uit die hele gebied en wat 'n belang het by en n belangstelling in daardie spesifieke aangeleentheid. Elkeen van hierdie Komiteevoorsitters dien dan op die Bestuur van die V.B.O.V.

Die Bestuur van die V B O V is tans soos volg saamgestel:

| | |
|---|---|
| Voorsitter: | P.D. Palm L V |
| Ondervoorsitter: | J. Rabie L P R |
| Sekretaris: | S. Geldenhuys |
| Hulpsekretaris: | M. Davis |

Daar is ook die volgende Staande Komitees met voorsitters soos aangedui:

1. WATERKOMITEE: Mnr P Naude 'n boer van Overhex en 'n leidende figuur in onderhandelinge met Departement van Waterwese.

2. PLAASLIKE BESTUURSKOMITEE: Mnr C van Rensburg, tans Burgemeester van Worcester. Sy Komiteelede is al die Burgemeesters en Voorsitters van Afdelingsrade in die Vallei.

3. LANDBOUKOMITEE: Mnr I P du Plessis, 'n boer van Robertson en lid van die Sentrale Raad van Boereverenigings.

4. KUNS– EN KULTUURKOMITEE: Mnr J MacDonald, as die vader van die Noord–Boland Eisteddfod, wat jaarliks op Worcester gehou word. Vanjaar is daar nie minder as 2 000 deelnemers nie.

5. TOERISTEKOMITEE: Mnr J de Jongh, 'n sakeman van Robertson. Hy is ook Bestuurslid van die Vereniging vir Bevordering van Toerisme in Wes–Kaapland.

6. NYWERHEIDSKOMITEE: Mnr P A Venter, 'n nyweraar van Worcester. Onder sy dinamiese leiding is 'n Streeksnywerheidskamer vir die Breeriviervallei gestig.

7. DIE BREERIVIER–WYNSKOUKOMITEE: Mnr Pietman Hugo, Ondervoorsitter van die K W V–direksie en vooraanstaande boer en sakeman van die Vallei. Onder sy leiding het die jaarlikse Wynskou reeds ontwikkel tot die mees uitstaande geleentheid waar die jong wyne van 32 Kooperatiewe Wynkelders uit die Breeriviervallei meeding. So geslaagd was hierdie Wynskou vanuit die staanspoor dat ander gebiede uit die Boland die voorbeeld van die Breerivier gevolg het en ook hulle eie Wynskoue begin reel.

Soos gesê dien hierdie ses Komiteevoorsitters ook op die Bestuur van die V B O V. Laasgenoemde Bestuur vergader drie tot vier keer per jaar. By elke Bestuursvergadering kry Komiteevoorsitters die geleentheid om die V B O V–bestuur in te lig oor sy bepaalde Komitee se bedrywighede en beplanning vir die toekoms.

Soos gemerk sal word uit hierdie uiteensetting van Bedrywighede, is dit duidelik dat 'n groot groep persone op een of ander wyse betrokke is by die aktiwiteite van die Ontwikkelingsvereniging.

*(Opgestel deur P D Palm L V)*